



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## **YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE**

### **LES 13 (DEEL 2): YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE EN DIE WETENSKAP**

#### **INLEIDING**

1. In Les 13 is die fokus op die wetenskap en YHVH se voedselvoorskrifte. Soos in deel 1 van Les 13 genoem is, is daar op die gebied van die voedsel- en voedingswetenskap baie verskillende skole van denke. Hierdie studie is nie 'n poging om al die verskillende denke en kennis te bespreek nie, maar om slegs na sekere basiese voedingsaspekte te kyk en hoe dit met die Woord van YHVH versoen kan word. Soos ook in deel 1 genoem was, glo ek dat wanneer die Woord van YHVH en die bevindinge van voedselwetenskaplikes en voedingskundiges ten opsigte van gesonde eetgewoontes ooreenstem, dat dit bewys is van die feit dat YHVH Sy voedselvoorskrifte vir die mens se welsyn gegee het.
2. Die volgende was ondermeer in deel 1 van Les 13 bespreek:
  - ❖ YHVH is die gewer van alle natuur-, morele (sosiale)- en geestelike wette. Daar is slegs een Wetgewer (Jak. 4:12). Hierdie wette is onveranderbaar. Enige mens wat hierdie wette oortree sal die gevolge daarvan dra.
  - ❖ YHVH se voedselvoorskrifte is deel van hierdie wette, naamlik Sy onderrig en instruksies (Torah) wat Hy vir die welsyn van die mens gegee het en is daarom steeds vandag op die mens van toepassing.
  - ❖ Talle mense se siektetoestand is weens 'n gebrek aan kennis, spesifiek kennis aangaande YHVH se voedselwette, asook gebrekkige kennis van gesonde eetgewoontes. Ongehoorsaamheid aan YHVH se voedselvoorskrifte, en Sy natuurwette, kan die mens in ballingskap van siekte plaas. Dit is nie die enigste oorsaak van siekte nie, maar is beslis die grootste oorsaak van verskeie siektes.
  - ❖ Hoewel die langlewendheid van die mensdom, in veral die eerste wêreld lande, baie meer is as eeue gelede, is dit hoofsaaklik toe te

skryf aan goeie gesondheidsorg en nie aan gesonde eetgewoontes nie. Dit is ook 'n geskiedkundige feit dat van die gesondste bevolkings was ook die primitiefste.

- ❖ Dit is ook 'n geskiedkundige feit dat die langlewendheid van die Jode tot en met die 19e eeu bo die gemiddelde in vergelyke met ander beskawings was. Hierdie was te wyte aan die feit dat hulle 'n Torah leefwyse gehandhaaf het en dus streng by YHWH se voedselwette gehou het.

Die slotsom waartoe ons gekom het, is dat Vader-God vir die algehele welsyn van die mens se gees, siel en liggaam omgee. Daarom het Hy Torah aan die mens gegee, naamlik Sy onderrig en instruksies vir die algehele welsyn van die wat Hom liefhet. Die voedselvoorskrifte is deel van Torah en is nie verouderde ou testamentiese wettiesheid nie! Nee, die moderne voedselwetenskap en voedingsnavorsing bevestig dat YHWH se voedselvoorskrifte vir die gesondheidswelstand van die mens is. Soos die onderrig en instruksies van Torah die kultuur, moraliteit en die ordelike samelewing van Israel bewaar het, so het YHWH se voedselvoorskrifte na hulle algemene gesondheid omgesien.

## **VOEDSELTEGNOLOGIE EN YHWH SE VOEDSELVOORSKRIFTE**

1. Ontwikkelinge in die voedseltegnologie het die bewaring, veiligheid en beskikbaarheid van voedsel moontlik gemaak. Sonder hierdie tegnologie sal die voorsiening van voedsel, asook die prys daarvan, 'n nog groter probleem as huidig wees. Ons moet egter onthou dat hierdie tegnologiese ontwikkelinge ook sekere nadelige gevolge vir die mens inhou. Prosessering van voedsel kan byvoorbeeld veroorsaak dat die voedsel se voedingswaarde afneem, terwyl die byvoeging van sekere bestandele om aan die produk bepaalde eienskappe te gee, selfs 'n gesondheidsrisiko kan word. Nie alle prosessering of voedselbestanddele is nadelig nie, maar ons weet byvoorbeeld dat geprosesseerde witbroodmeel minder voedingswaarde as volgraanmeel het. So ook is dit byvoorbeeld algemene kennis dat sekere kleurmiddels, geurmiddels, versoeters en preserveermiddels nadelig vir die mens is.
2. Hoewel die voedseltegnologie oor die afgelope jare geweldige ontwikkelinge beleef het, het die mens se spysvertering en metabolisme egter nie verander nie. Hierdie feit word meestal buite rekening gelaat wanneer daar voedselkeuses gemaak word. Die mens se spysverteringstelsel het nie saam met die voedseltegnologie ontwikkel nie. Bevrediging van die sensoriese sintuie (die vlees), gerief en bekostigbaarheid oorheers gewoonlik wanneer voedsel aangekoop word. Doelgerigte en effektiewe bemarking sorg altyd hiervoor.

3. Al hoe meer mense besef egter wel dat hulle gesondheid van die koskas afhanklik is en nie van die medisynekas nie. Dit is te danke aan 'n toenemende gesondheidsbewustheid weens kennis deur jarelange navorsing oor wat as gesonde en ongesonde voedsel, dieet en leefwyse beskou kan word. Wetgewers poog ook voortdurend om verbruikers in te lig en te beskerm ten opsigte van gevaarlike en ongewenste voedselprosesse en voedselbyvoegings.
4. Wat moet die gelowige in Yeshua as hedendaagse verbruiker doen? Die antwoord: Gebruik steeds YHVH se voedselvoorskrifte as die basis van wat geëet word, maar wees op hoogte van die nodige kennis om selektief te eet van die groot verskeidenheid beskikbare voedsel ten einde te verseker dat 'n gesonde dieet gevolg word. Onthou: Alles wat deesdae op ons winkelrakke is, is nie noodwendig gesond nie. Ons benodig wysheid wanneer ons besluit wat ons gaan eet!

*Die beginsel van die wysheid is: Verwerp wysheid en verwerp insig deur al wat jy besit. Hou dit hoog, dan sal dit jou verhoog; dit sal jou eer as jy dit omhels. Dit sal 'n lieflike krans gee vir jou hoof, dit sal jou 'n sierlike kroon verskaf. Spr. 4:7 tot 9*

*Die beginsel van die wysheid is die vrees van YHVH, en kennis van die Heilige is verstand. Spr. 9:10*

## **DIE MAG VAN DIE SENSORIESE SINTUIE**

1. Al vyf die mens se sensoriese sintuie (reuk-, smaak-, hoor-, sien- en voelsintuig) is betrokke by die aankoop en genot van voedsel. Vir sommige is dit 'n vreemde stelling, maar dink mooi daaroor na en jy sal vind dit is die waarheid. Byvoorbeeld: Wanneer jy jou gunsteling kraakvars aartappelskyfie eet, maak jy eerstens die pakkie oop en jy kry die reuk van jou gunsteling geur en jy sien hoe lekker dit lyk. Dan plaas jy die eerste skyfie in jou mond en verwag jy om die knars onder jou tande te voel en dit te hoor, want dit is deel van die eetgenot (sensoriese ervaring)! Nou volg die genot van die smaak in jou mond.
2. YHVH het die mens met hierdie sintuie geskape en die doel is om dit vir die mens se beskerming en genot te gebruik. Ons sintuie beskerm ons ten opsigte van voedsel wat oneetbaar is, want ons kan dit dikwels sien of ruik of proe. Andersins gebruik ons, ons sintuie om dit wat ons eet te geniet. Die genot van eet is 'n geskenk van YHVH en ook deel van Hom.
3. Die mens moet egter die beheer oor sy sensoriese sintuie hê. Die mens se sintuie moet die mens dien en nie andersom nie! Ons moet besef dat na die sondeval het die mens se sintuie ook deel van sy sondige aard, naamlik van die sondige vlees en dus van die vleeslike begeertes, geword. Die mens wie se sensoriese sintuie in beheer is, is gewoonlik die mens

wat ten spyte van kennis op onverantwoordelike wyse eet, want dit gaan dan oor die bevrediging van die siel en vlees. Dit is dan wanneer kos 'n afgod word en wanneer die mens 'n slaaf van sy sintuie word.

4. Die vrug van die Gees is egter ondermeer selfbeheersing (Gal. 5:22) en die wat aan Yeshua behoort het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig (Gal. 5:24). YHWH het ons 'n gees van krag, liefde en selfbeheersing gegee (2 Tim. 1:7). Ons hoef nie ons sintuie te kruisig in die sin van dat ons onself die genot van voedsel ontnem nie. Nee, maar ons moet seker maak dat ons gees en siel die beheer oor ons sintuie het, want dan sal ons YHWH se voedselvoorskrifte gehoorsaam en ook 'n gesonde dieet volg. Elkeen het die verantwoordelikheid om selfbeheersing ten opsigte van sy sintuie uit te oefen. [Dit geld natuurlik nie net vir kos nie!].

### **IS DAAR WETENSKAPLIKE GRONDE OM NIE ONREIN DIERE TE EET NIE?**

1. Hierdie is een van daardie gevalle waar daar onder voedselwetenskaplikes verskillende skole van denke is. Die een groep wetenskaplikes sal 'n standpunt huldig dat daar geen wetenskaplike gronde is om die onrein diere wat in Lev. 11 en Deut 14 gelys word nie te eet nie. Hierdie groep verteenwoordig dikwels die betrokke bedryf of is hulle simpatiek gesind.
2. As voedselwetenskaplike glo ek egter dat wanneer die Woord van YHWH ooreenstem met die voedselwetenskap se bevindinge dat die betrokke wetenskaplike inligting dan as korrek en betroubare inligting aanvaar kan word. Die Skrifte is die hoogste gesag en daarom verwerp ek die standpunt van die skool van denke wat beweer dat daar geen wetenskaplike redes is om die eet van onrein diere uit die menslike dieet weg te laat nie. Ek skaar my dus by die groep wat wetenskaplike bewys lewer dat die diere wat in Lev. 11 en Deut. 14 gelys word, uit die mens se dieet om gesondheidsredes weggelaat behoort te word.
3. Die vraag wat dus beantwoord moet word is wat is die wetenskaplike feite waarom onrein diere nie geëet moet word nie. Die bedoeling van hierdie studie is nie om dit volledig uit wetenskaplike oogpunt te bespreek nie, maar om slegs 'n opsomming van wetenskaplike bevindinge op 'n verstaanbare wyse te gee. Die volgende is kortliks van die vernaamste bevindinge:

#### **Diere**

*Alles wat onder die diere gesplitste kloue het, en wel heeltemal gesplitste kloue, en herkou dit mag julle eet. Lev. 11:3*

1. Ons mag die vleis van diere eet met gesplitste kloue en wat herkou. Indien 'n dier nie een of beide van genoemde eienskappe het nie, moet dit as onrein beskou word.
2. Van al die onrein diere wat in Lev. 11 en Deut. 14 gelys word, is die vark die een wat sekerlik die bekendste is en die meeste deur mense geëet word. Dit is ook interessant om hier te noem dat die eet van varkvleis ook deur die Koran verbied word en dus ook nie deur Moslems geëet mag word nie.
  - ❖ Daar is talle bewyse waar mense in 'n bepaalde landstreek onder dieselfde omstandighede leef, maar waar die Moslem gedeelte van die bevolking baie gesonder is weens die feit dat hulle nie varkvleis eet nie.
  - ❖ Ons het ook in Deel 1 van Les 13 verwys na die feit dat die Jode tot en met die twinstige eeu gesonder was as die bevolkings van ander beskawings en dat dit hoofsaaklik te wyte was aan 'n Torah-leefwyse waar ondermeer geen varkvleis geëet mag word nie.
  - ❖ 'n Ander interessante geval was tydens die Tweede Wêreldoorlog in Noord Afrika waar troepe toenemend vir tropiese absesse aan hulle bene behandel moes word. Geen behandeling was egter effektief nie totdat die troepe op 'n soortgelyke dieet as die plaaslike inwoners geplaas was, naamlik geen varkvleis nie. 'n Afname in soldate met tropiese absesse was feitlik onmiddelik waarneembaar terwyl die wat dit reeds gehad het, vinnig herstel het. Dit is ook gevind dat wonde vinniger genees het in die gevalle van mense wat geen varkvleis geëet het nie.
3. Hoewel die debat of daar wetenskaplike gronde is om die eet van varkvleis te vermy nog lank sal voort woed, en veral deur die varkvleis bedryf verdedig sal word, is die volgende feite tog die moeite werd om in ag te neem:
  - ❖ Varke is verantwoordelik vir die oordraging van meer aansteeklike siektes aan die mens as enige ander dier. Ons almal is bewus van die varkgriep wat hierdie jaar (2009) uitbreek het en 'n wesenlike gesondheidsgevaar vir die wêreld inhou. Daar is ook bewys gevind dat mense wat varkvleis eet meer vatbaar is vir voëlgriep. Varke is ook die draers van 'n verskeidenheid parasiete en lintwurms.
  - ❖ Varke sal enige iets eet, met die klem op **enige iets**, selfs hulle eie uitskeiding. 'n Vark se dieet is nie beperk tot 'n spesifieke kossoort nie, soos byvoorbeeld die van skape, wildsbokke en beeste wat uitsluitlik gras of plante eet en wat 'n gesplete hoef het

en herkou. Verder het varke slegs een maag en nie drie soos ander herkouers nie, asook 'n baie vinnige spysverteringstelsel. Dit, tesame met die feit dat die varkspesies oor 'n beperkende meganisme beskik om afvalstowwe (gifstowwe of toksiene) uit sy liggaam te verwyder, veroorsaak dat gifstowwe in hoë konsentrasies in die varkweefsel (vleis) teenwoordig kan wees. Varke is dus nie net die draers van 'n groot verskeidenheid siektes nie, maar varkvleis bevat ook gifstowwe. Beide is vir die mens skadelik en dus 'n gesondheidsrisiko.

- ❖ In die verband skryf Prof. Hans-Heinrich Reckeweg die volgende: *Pork should be regarded as an important homotoxin (human poison), which initiates activation of the body's defense mechanisms. These defensive measures then manifest themselves in a variety of illnesses.* (Adverse Influence of Pork on Health. Biological Therapy Vol.1 No. 2 1983). Hierdie groep toksiene staan bekend as "sutoxins" en is die oorsaak van verskeie siektetoestande soos inflammasie van die blindederm en galblaas, gastro-enteritis met tifus en paratifus simptome, kolitus, akute ekseem, karbonkels, asook bydraend tot hoë vlakke van spanning.
- ❖ Daar is ook bewys dat mense wat gereeld varkvleis en varkvleis produkte eet meer geneig is tot sekere kankers. Volgens sommige navorsing bevorder varkvet die groei van kankerselle.
- ❖ Verder bevat varkvleis groot hoeveelhede vet en ons almal is bewus van die nadelige effekte van oormatige inname van diervette op die mens se gesondheid (kolestrol en hartvatsiektes, sommige tipes kanker soos kolonkanker, oorgewig en siektetoestande wat daarmee gepaard gaan soos hoë bloeddruk, diabetes, ens.). Selfs sogenaamde "maer" varkvleis bevat steeds baie vet omrede groot hoeveelhede vet **in** die selle aanwesig is en nie soos by ander diere waar dit meestal **buite** die selle is nie. YHWH se voedselvoorskrifte is ook duidelik dat die mens geen diervet mag eet nie (Lev. 3:17 – hierdie opdrag verwys na die vet aan die vleis en nie na die vet in die vleis of weefsel nie).
- ❖ Hoewel daar nog veel meer oor die gesondheidsnadele van varkvleis geskryf kan word, is bogenoemde voldoende wetenskaplik bevestigde redes om die eet van varkvleis te vermy.

**Nota:** Hoewel goed gaargemaakte varkvleis geen skadelike organismes behoort te bevat nie, sal die gaarmaakproses nie noodwendig van die gifstowwe ontslae raak nie. Die gevaar van besmetting is veral wanneer met rouvleis gewerk word. Sommige sal ook argumenteer dat varkboere deesdae oor die algemeen

hulle varke op beter wyses voer as in die verlede en dat baie van die gevare van varkveis nie meer van toepassing is nie. Hierdie punt sal egter nog lank gedebateer word.

4. Let wel dat in Lev. 11:8 is die opdrag dat 'n rein dier wat aan onnatuurlike oorsake dood is, ook as onrein beskou word. 'n Rein dier mag dus net geëet word indien dit op 'n wyse geslag word dat die bloed onmiddelik en behoorlik uit die liggaam gedreineer word. Onthou YHVH het ook opdrag gegee dat ons nie bloed mag eet nie, want die lewe is in die bloed (Lev. 3:17; Lev. 7:26 en 27; Lev.17:11 en 14).
5. Die Kerk, en dus die meerderheid Christene, is egter oortuig dat die eet van varkveis, asook ander onrein diere, die goedkeuring van Vader-God het. Vir die Torah gehoorsame Jood is hierdie standpunt totaal onaanvaarbaar en juis een van die struikelblokke waarom hulle nie Yeshua as Messias aanvaar nie. Volgens hulle sal Messias nie die eet van varkveis of die verontagsaming van YHVH se voedselvoorskrifte goedkeur nie soos deur Christene beweer word.
6. Soos voorheen in hierdie studie genoem is, behoort elke Christen die vraag te vra hoekom Yeshua die bese geeste in 'n trop varke gedryf het en nie byvoorbeeld in 'n trop skape nie? Onrein geeste in onrein diere!!!

## **LEWENDE WESENS IN DIE WATERS**

*Dit mag julle eet van alles wat in die water is: alles wat vinne en skubbe het in die water, in die see en in die riviere dit mag julle eet.  
Lev. 11:9.*

1. Ons mag net eet van die lewende wesens wat in water (see, riviere, damme) voorkom indien dit vinne en skubbe het. Al die ander lewende wesens in die waters moet ons as 'n gruwel beskou (Lev. 11:10 tot 12). Dit beteken dat alle skaaldiere en skulpvis, byvoorbeeld krewe, garnale, kalamari, mossels, slakke, ens. 'n gruwel is en dus onrein en nie voedsel vir die mens is nie. So ook is alle vis wat geen skubbe of vinne het nie, soos paling, onrein.
2. Weereens kan ons die vraag vra: Is daar enige wetenskaplike gronde waarom die mens nie van die onrein lewende wesens in die see en varswater moet eet nie? 'n Soortgelyke antwoord is hier van toepassing as by onrein diere, naamlik dat lewende wesens sonder skubbe en vinne aasvreters is wat hoofsaaklik op die bodem van die see en varswater bronne leef waar hulle op die afval voed van ander diere, asook van die afval wat die mens in die waters stort. Daarom kan skulp- en skaaldiere se vleis hoë konsentrasies swaar

metale, soos kwik, en ander toksiene bevat wat vir die mens skadelik is. Hierdie dierspesies word dan ook dikwels deur wetenskaplikes gebruik om die vlakke van swaar metale en toksiene in water te bepaal.

3. YHWH het die onrein visspesies geskape met 'n doel, naamlik om afval uit die see en riviere te verwyder en so die balans in die natuur te handhaaf. Die doel was nie dat dit as voedsel vir die mens moet dien nie.

## **VOËLS**

*En die volgende moet julle van die voëls vir 'n gruwel hou hulle mag nie geëet word nie, 'n gruwel is hulle. Lev. 11:13*

1. Voëlspesies wat uitsluitlik op insekte, sade en graan leef is rein en dus voedsel vir die mens.
2. Dit is weereens opmerklik dat die voëlspesies wat as onrein gelys word ook, soos in die geval van die diere en visspesies, hoofsaaklik aasvreters is. Hulle voed veral op dooie diere wat dikwels weens siekte gesterf het en selfs in 'n gevorderde stadium van ontbinding kan wees en dus sekere mikro-organismes en toksiene bevat wat vir die mens gevaar inhou. Dit moet weereens onthou word dat hierdie voëlspesies se spysvertering sodanig is dat die patogene mikro-organismes (siekteveroorsakende organismes) en toksiene geen nadelige effek op hulle het nie, maar nog steeds in die vleis van die voël kan voorkom en dus potensieel gevaarlik vir die mens is.

Nota: Dit is belangrik om daarop te let dat met die vertaling van Lev. 11 daar onsekerheid is oor die korrekte vertaling van sommige van die spesies wat in die oorspronklike teks voorkom. 'n Voorbeeld hiervan vind ons in Lev. 11:18 waar die "pelikaan" as 'n onrein voël gelys word. Daar is egter onsekerheid oor die korrekte spesies waar hier na verwys word. Volgens Strong's en Brown-Driver-Briggs' Hebrew Definitions is dit waarskynlik 'n pelikaan, maar die moontlikheid bestaan dat dit 'n voëlspesie is wat reeds uitgesterf het.

3. Bewys is gevind dat migrerende onrein voëlspesies die voëlgriepvirus aan varke oorgedra het en dat hierdie virus waarskynlik deur varke aan eende en ander rein voëlspesies oorgedra is in areas waar daar met varke en pluimvee saam in beperkte ruimte geboer word.

## **INSEKTE**

*Maar die volgende mag julle eet van al die insekte met vlerke wat op vier pote loop: wat bokant die pote springbene het om daarmee op die*



*grond te spring. Van hulle mag julle die volgende eet: die treksprinkaan volgens sy soorte en die boomsprinkaan volgens sy soorte en die springer volgens sy soorte en die voetganger volgens sy soorte. Maar al die ander insekte met vlerke wat vier pote het 'n gruwel is hulle vir julle. Lev. 11:21 tot 23*

1. Vir die Westerling is die eet van insekte nie nommer een op die spyskaart nie. Tog verklaar YHWH dat sekere insekte geëet mag word. Ons weet byvoorbeeld dat Johannes die Doper sprinkane geëet het (Matt. 3:4). Ook in dié geval is daar onduidelikheid oor die presiese inekspesie wat hier na verwys word en wat geëet mag word. Wat wel duidelik is, is dat insekte wat nie spring nie, nie geëet mag word nie.
2. Dit is bekend dat sprinkane in Bybelse tyd in Asië en Afrika geëet was en selfs deur die Grieke as 'n lekkerny beskou was. Sekere sprinkaanspesies word steeds vandag in sekere lande geëet.

## **OPSOMMEND**

1. In die lig van alles wat ons tot nou toe in hierdie studie geleer het, kan ons tereg die vraag vra: Hoe kan die Kerk dan verkondig dat Yeshua die voedselwette tot niet gemaak het, terwyl die wetenskap bewys lewer dat YHWH se voedselvoorskrifte beslisse gesondheidsvoordele vir die mens het?
2. Laat ons ernstig besin oor die woorde in Jes. 65:2 tot 4, asook Jes. 66:17, en onself vra of hierdie gedeelte nie meer op ons as gelowiges in Yeshua Messias van toepassing is nie.

*Ek het my hande die hele dag uitgebrei na 'n opstandige volk wat wandel op 'n weg wat nie goed is nie, agter hulle eie gedagtes aan; 'n volk wat My gedurigdeur in die aangesig terg, wat offer in tuine en rook laat opgaan op bakstene; wat in die grafte sit en vernag in verborge plekke; wat varkvleis eet, en daar is brokke onrein vleis in hulle skottels; wat sê: Bly daar! Kom nie naby my nie, want ek is heilig vir jou! Hierdie mense is 'n rook in my neus, 'n vuur wat die hele dag brand.*

*Die wat hulleself heilig en hulleself reinig vir die tuine, terwyl hulle die een nadoen wat in die middel staan; wat varkvleis eet en verfoeisels en muise—almal saam sal hulle tot niet raak, spreek YHWH.*

3. Besin oor bogenoemde teksverse in die lig daarvan dat hierdie eindtydgebeure beskryf. Dit beskryf toekomstige gebeure. Dit is nie geskiedenis nie!!

**BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE**

1. Miljoene mense is gewikkel in 'n oorlewingstryd waar hulle nie 'n keuse het van wat hulle eet nie. Weens armoede is hulle daaglikse bestaan om genoeg kos vir die dag te kry. Hierdie mense het dikwels nie 'n keuse as om aan Torah se voedselvoorskrifte ongehoorsaam te wees nie, want anders ly hulle en hulle kinders honger. Onthou egter dat Torah gehoorsaamheid gaan nie oor redding nie, maar oor seëninge. Hoe dink jy sien Vader-God hierdie situasie?
2. Met die kruisdood van Yeshua het die aard van die diereryk nie verander nie. Die kruisdood het wel die weg gebaan om ons sondige aard te verander, maar nie ons dieet nie.

**Nota:** In Les 14 sal die Skrifgedeelte in Lev. 11:24 tot 38 verder bespreek word

Shalomgroete tot volgende keer.  
Johan Kriel

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*